DIE STIGTING VAN 'N KALVINISTIESE FEDERASIE
IN
SUID-AFRIKA.

Op die vierde kongres van die Kalvinistiese Bond in Bloemfontein op 4 Julie, j.l. waarop ook ander Kalvinistiese organisasies verteenwoordig was, is soos bekend besluit tot die stigting van 'n Federasie van Kalvinistiese Verenigings in Suid-Afrika, tot aansluiting waarby nou ook alle verenigings wat hulself as Kalvinisties beskou uitgenooi word. Boondien is daar geleentheid om toe te tree tot 'n nouer verband deurdat sowel verenigings as persone hul kan aansluit by die Kalvinistiese Bond self. Deur aan te sluit by die federasie behou 'n vereniging sy selfstandigheid, deur aansluiting by die Bond (behalwe in die vorm van affiliasie) word 'n vereniging of persoon verplig tot onderwerping aan die konstitusie van die Bond. In beide gevalle egter word steun gegee aan 'n nouer aaneensluiting van die verspreide kragte van die Suid-Afrikaanse Kalvinisme en vir beide doeleindes word belangstellendes uitgenooi om hulle aan te meld by ondergetekende, veral ook die besture van definitief Kalvinistiese of Gereformeerde verenigings van mans, vroue, studente en jong mense in die algemeen.

Om die betekenis hiervan duideliker te laat uitkom moet die volgende besonderhede vermeld word:

a. Die Kalvinistiese Bond wat die kongres georganiseer het, onder leiding van sy Hoofbestuur bestaande uit: Dr. N.J. van der Merwe (Voors.), Ds. I. D. Kruger, Ds. C. R. Kotze, Ds. D. F. Erasmus, Dr. E.E. van Rooyen, Ds. P.S.Z. Coetzee, Mnr. A. Kruger, Ds. W. de Vos en Prof. L.J. du Plessis(Sekr.), het volgens die Bestuursverslag hom veral toegelê op Kalvinistiese propaganda-werk en besonderlik tot bevordering van Christelike wetenskap en onderwys, van die Christelike gesinslewe en beroepsorganisasie, van gesonde ras- en taal- en staatsregtelike verhoudinge, van 'n Christelike openbare lewe en suiwere betrekkinge tussen kerk, staat, maatskappy en die internasionale volkerelewe. Met die oog hierop is veral invloed uitgeoefen tot verchristeliking van bestaande inrigtinge vir onderwys en opvoeding en tot verwydering van alle belemmeringe vir die Christelike ontwikkeling van die onderwys. Ook is betrekkinge onderhou met die Volkskongres op die Arm-Blanke-Vraagstuk, met die F.A.K., die Internasionale Kalvinistiese beweging (wat o.a. 'n kongres georganiseer het in Holland gedurende Oktober, 1934), die Algemene Dingaansfeeskommissie en ander liggame. Selfs is poginge aangewend om ons Christelike beginsels te bevorder in die politiek, hoewel geen party-politiek optrede of kerkistiese aksie hoegenaamd beoog is nie. Intussen is die aksie van die Bond op selfstandige grondslag gesteun deur die Transvaalse beweging vir C.N.O., die stigting van die Kalvinistiese Konfessionele Unie in Stellenbosch en die Federasie van Kalv. Studenteverenigings (F.C.S.V.), wat 'n groot indruk gemaak het met sy publikasie: Koers in die Krisis, asook deur kerklike tydskrifte en meer algemene periodieke soos die Geref. Vaandel en Koers.

b/.....

b. Die Kongres self is bygewoon deur ongeveer 125 tot 150 persone, onder wie lede van die Kalvinistiese Bond en belangstellendes en verteenwoordigers van bevriende liggame soos Kerkrade en ander kerklike liggame, Voortrekker- en Kultuurverenigings, Jongeliede-Verenigings, die F.C.S.V., die Kalv. Konfessionele Unie, ens.. Boondien is heilwense ontvang op die kongres self van elf persone en voor die kongres van 'n veel groter aantal. Inderdaad was die kongres verteenwoordigend van die S.Afr. Kalvinisme sowel as geesdriftig en beslis in sy optrede, soos geblyk het uit die gees van die besprekinge en die aard van die besluite. 'n Toon van droefheid was egter merkbaar toe gewys is op die afwesigheid deur die dood van verskillende kragtige mede-stryders en veral van Prof. J.A. du Plessis, een van die oprigters en vroeëre bestuurslede van die Bond. Ook afwesig deur vertrek na die buiteland was 'n ander getroue medewerker, n.l. die vroeëre bestuurslid en huidige buitelandse verteenwoordiger van die Bond Prof. Dr. G. Besselaar.

c. Die volgende besluite is op die Kongres geneem:

1. Kalvinistiese Federasie:

Daar sal wees 'n federasie van Kalvinistiese Verenigings in Suid-Afrika met die doel om samewerking te bevorder tussen alle Kalv. organisasies in ons land en ook om saam te werk op internasionale gebied met organisasies van gelyke grondslag.

Aan die hoof van die federasies staan 'n Federale Raad bestaande uit 'n Uitvoerende Komitee van vyf lede te kies deur die federale kongres saam met een verteenwoordiger vir elke Kalv. Vereniging wat aansluit by die federasie en van uniale en provinsiale omvang is.

Tot die federasie word toegelaat alle verenigings wat op Kalv. grondslag staan en instemming betuig met die grondslag wat deur die federale bestuur opgestel sal word. Die federale bestuur sal hom beywer om in elke provinsie een algemene Kalv. organisasie te verkry wat as lid van die federasie kan optree, of om gesonde samewerking te bevorder tussen bestaande Kalvinistiese organisasies; aanbeveel word ook dat die Kalv. Bond as sodanig sal voortbestaan, maar dat desverkiesend enige provinsiale afdeling van die Bond homself provinsiaal kan reorganisser as 'n selfstandige organisasie.

As Uitv. Komitee ingevolge hierdie besluit is gekies: Dr. N.J. van der Merwe, Prof. D.G. Malan, Ds. C. R. Kotze, Ds. D.F. Erasmus en Prof. L.J. du Plessis; en as bestuur van die Kalv. Bond: Ds. C.R. Kotze, Ds. I.D. Kruger, Ds. J.P. v.d. Spuy, Dr. E.E. van Rooyen, Mnr. A. Kruger, Ds. P.S.Z. Coetzee, Ds. D.F. Erasmus, Ds. P. de Vos Grobbelaar en Prof. L.J. du Plessis.

2. Christelike Politiek en C.N.O.:

Die Federale Raad ontvang opdrag om so spoedig doenlik stappe te neem om fondse in te samel ten einde 'n onafhanklike Kalv. pers daar te stel; maar hoewel die kongres die ideaal van 'n eie Kalv. pers huldig, dra hy vir die teenwoordige aan die Federale Raad op om deur middel

van/...

van bevriende dagblaaie en tydskrifte ons Kalvinistiese beginsels te propageer veral met die oog op Christelik-Nasionale Onderwys en 'n Christelike Staatkunde.

Die Uitv. Komitee ontvang opdrag om 'n komitee aan te stel verteenwoordigende die kerke, onderwys- en ander volksgroepe, wat in oorleg met die bestaande C.N.O./Komitee /- ondersoek sal instel na die huidige toestand van die onderwys om die gemoedere deur doelmatige propaganda ryp te maak vir aksie in die Kalv. gees van Christelike onderwys, sodat op 'n geskikte tyd 'n volkskongres kan gehou word met die doel om Christelike opleiding aan toekomstige opvoeders te gee en andersins die saak te bevorder.

w.g. L. J. du Plessis

EreSekrs. Die Kalv. Bond en bogenoemde Uitv. Komitee.

P. U. K.,
Potchefstroom,
18 Julie, 1935.

N.B.

Geagte Redaksie,

Wil asseblief bo-staande so prominent moontlik in u blad publiseer.

Geheel die uwe,

L J du Plessis